# Omgewingsinvloedevaluering (12/12/20/978) vir die Departement van Waterwese en Bosbou se

## Groot Letaba-Waterontwikkelingsprojek (GLeWaP) Infrastruktuur Komponente

## AGTERGROND-INLIGTINGSDOKUMENT

**Uitnodiging om te registreer en kommentaar te lewer, Julie 2007 – Eerste dokument vir kommentaar**

### DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Die doel van hierdie dokument is om rolspelers die geleentheid te gee om as belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GPe) van die Omgewingsinvloedevaluering (OIE) te registreer, en om hulle aanvanklike kommentaar en bydraes in te win oor die voorgestelde konstruksie van 'n dam by die Nwamitwa-terrein, stroomaf van die sameloop met die Nwanedzi-rivier, die grootmaat waterverspreidings-infrakstruktuur, en die verhoging van die Tzaneen-damwal as komponente van die Groot Letaba-waterontwikkelingsprojek.

Die doel van die OIE is om potensiële impakte te identifiseer en te evalueer, en om maatreëls vir die vermyding of vermindering van negatiewe impakte te ondersoek en om stappe vir die verbetering van positiewe impakte aan te beveel.

Die OIE-besluitnemingsowerheid is die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT), ingevolge artikel 24(5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (NEMA), Nr 107 van 1998. Die OIE sal ingevolge DEAT se OIE-riglyne uitgevoer word (afskrifte by die Kantoor vir Openbare Deelname beskikbaar). Die Limpopo provinsie se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing en Toerisme is ook 'n belangrike owerheid in hierdie proses.

**Registreer asseblief voor of op 31 Julie 2007.** U sal dan by die databasis van belanghebbendes ingesluit word, en verdere dokumente vir kommentaar ontvang soos en wanneer dit beskikbaar raak. U kommentaar sal verseker dat alle tersaaklike kwessies in die OIE opgeneem word. U kan die ingeslote registrasieblad voltooi, 'n brief skryf, die Kantoor vir Openbare Deelname skakel of 'n e-pos aan laasgenoemde stuur.

Alle OIE-dokumente sal by www.dwaf.gov.za/projects/GrootLetaba beskikbaar wees.

### Kantoor vir Openbare Deelname

Anelle Odendaal / Wilheminah Mosupye
Zitholele Consulting
Posbus 6002, Halfweghuis, 1685
Tel: (011) 254-4855/4905
Faks: (011) 805 2100
E-pos: aodendaal@zitholele.co.za of wmosupye@zitholele.co.za

### Betreding van eiendom

Lede van DWAF se ondersoekspanne sal gedurende die komende maande die projekgebied besoek. Private en gemeenskaplike grondeienaars word vriendelik versoek om toestemming te verleen dat hulle grond betree mag word. Spanlede sal aanstellingsertifikate uitgereik deur die DWAF as identifikasiedokumente dra.

## AGTERGROND

**Die Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF) het in 1998 'n evaluering van verskeie alternatiewe ter verbetering van die bestuur van beskikbare water vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die Groot Letaba-opvangsgebied voltooi.**

Die Department het besef dat die watertoedelings van die Groot Letaba-rivier reeds die waterbronne oorskry en derhalwe is strategiese alternatiewe oorweeg om waterbeskikbaarheid te verbeter; veral gegewe die groeiende gebruiksbehoeftes in die huishoudelike sektor, die agteruitgang van die bewaringstatus van die rivier se ekologie en toenemende tekorte in die besproeiingsektor. Sommige alternatiewe was ongewoon of omstrede, maar het aandag geniet. Die volgende alternatiewe is in detail oorweeg ten opsigte van lewensvatbaarheid en uitvoerbaarheid:

- Vervanging van kommersiële bosaanplantings met natuurlike plantegroei;
- Staking van oordrag van water na die Sandrivier-opvanggebied;
- Verbetering van die doeltreffendheid van die gebruik van water wat vir besproeiing aangewend word;
- Vermindering van die water wat vir besproeiingsgebruik toegewys word;
- Waterverliesbestuur in die verspreidingstelsels vir huishoudelike en industriële watergebruikers;
- Skepping van bykomende opgaarstelsels in die rivierstelsel om riviervloei beter te reguleer;
- Verbeterde waterbestuur in alle gebruikersektore.

Verskeie alternatiewe damterreine is ondersoek, insluitende 'n terrein by Hobson's Choice in die Letsitele-rivier en ander terreine in die Groot Letabarivier, waarvan slegs die terrein by Nwamitwa as redelik (maar nie goed nie) bevind is. Die verhoging van die Tzaneen-damwal is ook ondersoek.

Op grond van die ondersoeke is aanbeveel dat 'n nuwe groot dam by Nwamitwa tesame met verbeterde waterbestuur-maatreëls oorweeg word. Daar is ook bevind dat verhoging van die Tzaneen-damwal oorweeg moet word, met die doel om die intensiteit en frekwensie van tekorte in die besproeiingsektor te verminder. DWAF is tans besig om die behoeftes van hierdie gebied te ondersoek en op te weeg, en oorbruggingstudies word tans uitgevoer om vas te stel of die aanbevelings van die uitvoerbaarheidstudies nog relevant is, en hoe dit toegepas kan word.

Opsies wat nou ondersoek word, is onder meer die konstruksie van 'n groot dam op die Groot Letaba-rivier by die Nwamitwa-terrein stroom af van die sameloop met die Nwanedzi-rivier, die herbelyning van paaie om die dam te akkommodeer, die konstruksie van watersuiweringswerke, waterpyplyne en pompstasies van die damterrein na gemeenskappe in die gebied, en die verhoging van die Tzaneen-damwal.

Omgewingsmagtiging word ingevolge artikel 24 (5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (NEMA), No. 107 van 1998, en ander wetgewing vereis voordat die infrastruktuur-komponente van die projek geïmplementeer kan word. 'n Omgewingsinvloedevalueringsproses (OIE-proses) is in Junie 2007 begin en sal na verwagting in die laaste kwartaal van 2008 afgehandel word.

## MOTIVERING VIR DIE PROJEK

Die Groot Letaba-opvanggebied val binne die Luvubu-Letaba-waterbestuursarea (WBA), een van die 19 WBAs waarin Suid-Afrika verdeel is. Die instroming van mense, die toename in landbouproduksie en toerisme tussen die Drakensberg-platorand en die Krugerwildtuin stel eise op die waterbronne van die Groot Letaba-rivier waar bestaande infrastruktuur nie meer voldoende is nie, veral as die redelike risiko van tekorte in ag geneem word.

Weens toenemende watertekorte, beide in hoeveelheid en frekwensie, moes die groot watergebruikers (besproeiings-, bosbou-, huishoudelike en industriële gebruikers) van tyd tot tyd meeding vir beperkte bronne deur buitengewone maatreëls te tref om te kan oorleef. Dit het ernstige agteruitgang van die rivier se ekostelsels tot gevolg gehad. In die verlede is die omgewing nie as 'n watergebruiker geklassifiseer nie en gevolglik is geen water uit beskikbare bronne daarvoor toegewys nie. In die Letaba-rivier-opvanggebied is 14.8 miljoen m$^3$/per jaar egter op 'n ad hoc-grondslag vir vrylating uit die Tzaneen-dam aan die Krugerwildtuin toegewys, maar min, indien enige, van hierdie vrylatings het die Park bereik.

Met die afkondiging van die Nasionale Waterwet, Nr 36 van 1998 (NWA), het 'n watertoewysing of "Reserwe" vir basiese menslike behoeftes en die handhawing van ekologiese funksionering 'n nuwe perspektief geplaas op die bestuur van waterbronne afkomstig van die Groot Letaba-rivier. In die verlede het die klem geval op die aanvulling van watertekorte in die Groot Letaba-rivier. Hierdie benadering moet egter aangevul word deur 'n strategie vir die volhoubare bestuur van waterbronne. Voorstelle vir die vermeerdering van betroubare watervoorrade afkomstig van die Groot Letaba-rivier is, onder meer, die konstruksie van 'n dam op die Groot Letaba-rivier by Nwamitwa, stroom af van die Nwanedzi-rivier, en die verhoging van die Tzaneen-damwal. 'n Grootmaat-infrastruktuur vir die behandeling, verspreiding en opgaring van drinkwater vir primêre gebruik, maak 'n integrale deel uit van die ontwikkelingsvoorstelle. Die aandag word gefokus op die waterbehoeftes van groeiende bevolkingsgetalle, die rivier-ekostelsels stroomaf (insluitende riviere in die Krugerwildtuin), asook vir die stabilisering van kommersiële besproeiing, insluitende die vestiging van boere met watertekorte.

Die opvanggebied van die voorgestelde Nwamitwa-dam is 1 400 km² en die Gemiddelde Jaarlikse Afvloei (GJA) is ongeveer 122,6 miljoen m$^3$ onder natuurlike onontwikkelde toestande. Vir 'n dam met 'n opgaarkapasiteit van 143,8 miljoen m$^3$ is die beraamde verhoging van die stelselopbrengs 47 miljoen m$^3$/j, nadat voorsiening gemaak is vir rivier-vloeivereistes soos beraam.

Die landbousektor (vrugteboorde afhanklik van besproeiing) en die verwante landboubedrywighede verskaf die meeste werksgeleenthede in die gebied.

Mededinging vir die beperkte aantal werksgeleenthede is groot en werkloosheid in die gebied is hoog. Baie inwoners maak staat op die inkomste van familielede wat in die stede werksaam is. Talle gemeenskappe het nie redelike toegang tot veilige en betroubare watervoorrade nie, en die ekostelsels wat afhanklik is van die vloei in die rivierstelsel word al hoe meer onderwerp aan stres en agteruitgang. Verdere sosio-ekonomiese ontwikkeling, waarin toerisme na verwagting 'n belangrike rol sal speel, word aan bande gelê deur die beperkte beskikbaarheid van toereikende watervoorrade.

## OORSIG: GROOT LETABA-RIVIERWATERONTWIKKELINGSPROJEK

**Die Groot Letabarivier-waterontwikkelingsprojek (GLeWaP) is 'n belangrike inisiatief deur die Departement van Waterwese en Bosbou, ter ondersteuning van die Limpopo Provinsiale Regering se ontwikkelingstrategie.** Die projek sal 'n positiewe invloed hê op die ekonomie van die streek, en bydra tot die uitwissing van armoede. Dit sal hoofsaaklik bereik word deur:

- Die vermeerdering van veilige, betroubare watervoorrade vir huishoudelike en industriële gebruik;
- Vermindering van die frekwensie, intensiteit en duur van beperkings op besproeiingswatertoewysings vir waardevolle landbougewasse;
- 'n Toename in huishoudelike inkomste deur stabilisering van die werksmark;
- Voorsiening vir die kapasiteit benodig vir die regverdige verdeling van hulpbronne.

Die voorgestelde infrastruktuur gaan die bestuurbaarheid van waterbronne verbeter, sodat die agteruitgang van die bewaringstatus van die rivier se ekostelsel beperk kan word.

Die GLeWaP sluit 'n aantal infrastruktuurkomponente in, asook 'n reeks ander inisiatiewe.

### Nie-infrastruktuur-opsies om meer water beskikbaar te maak

Die Departement voer tans die volgende nie-infrastruktuur-opsies uit om die beskikbaarheid van water te verbeter:

- **Waterverliesbestuur en die bestuur van die aanvraag, asook die herwinning en hergebruik van water**

Die doel is om toenemende doeltreffendheid in watergebruik te verseker om die kort- en lang-termynbehoeftes van die gebied aan te spreek.

- **Ontwikkeling van plaaslike grondwaterbronne**

Tydens uitvoerbaarheidstudies wat in die 1990s uitgevoer is, asook onlangse ondersoeke, is bevind dat, alhoewel grondwater nie die enigste bron van water ter bevrediging van toenemende behoeftes is nie, dit wel met welslae aangewend kan word vir kleinskaalse huishoudelike voosiening en bestaansboerdery besproeiing. In hierdie gebied met sy beperkte waterbronne moet die optimale gebruik van grond- en oppervlakwater bevorder word. Grondwaterbronne moet verder ontwikkel word om lewering te verbeter, maar met volgehoue monitering om goeie watergehalte te verseker. Die Departement sal in hierdie opsig voorstelle aan plaaslike owerhede maak.

- **Verwydering van indringer uitheemse plantegroei**

DWAF se Werk-vir-waterprogram is aktief besig om die uitheemse plantegroei in die Groot Letaba-opvangsgebied te verwyder, as 'n metode om die afloop en opbrengs van die rivierstelsels te verbeter.

### Streek-ekonomiese evaluering

Hierdie evalueringsproses sal oorweging skenk aan die impak wat konstruksie van die projekinfrastruktuur en die beskikbaarstelling van addisionele water sou hê op die ontwikkeling en ekonomie van die streek en op die nasionale BBP. Die proses sal ook ondersoek aan watter sektore water ten beste toegewys behoort te word. Verder sal die potensiële voordele vir Mosambiek evalueer word, as 'n addisionele voordeel van die ekonomiese ontwikkelingsplanne vir die projekgebied.

### Bestuur van die stelsel in sy geheel

Die Departement is besig met 'n herevaluering van die beste bestuursmetodes vir watervoorsiening uit die Groot Letaba-rivierstelsel. Die stelsel sluit die Dap Naude-dam, Ebenhaezerdam, Tzaneen-dam en die voorgestelde nuwe dam by die Nwamitwa-terrein in, tesame met ander kleiner damme. Ondersoek word ingestel na die praktiese implementering van watervrylatings vir die Reserwe in die Groot Letaba-rivierstelsel in sy geheel. Ondersoeke sal evaluerings insluit van die opbrengskenmerke van alle beskikbare bronne in die rivierstelsel, wat 'n wye verskeidenheid gebruiksektore en onttrekkingspunte bedien.

### Besproeiingsverbeterings

Besproeiers in die rivierstelsel, en veral diegene wat op die Tzaneen-dam staatmaak, word gereeld onderwerp aan beperkings van beskikbare water. Toewysings is tans op 50% van die jaarlikse kwota gestel, as gevolg van die huidige droogtetoestande en lae vlakke van water in damme. Dit het 'n aansienlike negatiewe invloed op vrugteproduksie en op die sosio-ekonomie van die streek. Die besproeiingsektor maak reeds staat op moderne tegnologie en het baie belê in bestuur en gesofistikeerde toerusting, om die doeltreffendheid van watergebruik te verbeter.

### Bepaling van Reserwe

Ingevolge die Nasionale Waterwet is die Reserwe daardie gedeelte van water wat vereis word om aan die basiese behoeftes van mense en die ekostelsel te voldoen. Die Departement het in 2006 'n voorlopige bepaling van die Reserwe vir die Groot Letaba-rivier gemaak en hierdie vereistes sal in beide die ontleding van opbrengste en die tegniese ontwerp van die projek in berekening gebring word.

### Institusionele reëlings

Dit word in die vooruitsig gestel dat DWAF die eienaar van die waterbronkomponente van die projek sal wees. Dit sal hersien word soos en wanneer nuwe instellings soos die voorgestelde Nasionale Waterbron-infrakstruktuuragentskap en die Opvangbestuursagentskap (CMA) tot stand kom. Na voltooiing van die projek sal 'n streekwatervoorsieningsentiteit vir die bestuur van die nuwe grootmaat verspreidingsinfrastruktuur oorweeg word. Enige drinkwatervoorsieningstelsels wat deur die rouwater grootmaat verspreidingstelsel voorsien sal word, sal die verantwoordelikheid van die betrokke munisipaliteite wees.

'n Hoëvlak projekbestuurskomitee is deur die Departement ingestel en sluit verteenwoordigers van die Limpopo Provinsiale Regering, Mopani Distriksmunisipaliteit, plaaslike munisipaliteite, tradisionele owerhede, en sektore soos bewaring, landbou en nywerheid in om die oorbruggingstudies te bestuur.

### Gesamentlike beheer

Die ondersoek na en implementering van so 'n groot infrastruktuurprojek om waterbestuur in die gebied te verbeter, gaan waarskynlik talle ontwikkelingsgeleenthede tot gevolg hê. Dit sal aanleiding gee tot veranderde sosio-ekonomiese omstandighede, veranderings in grondgebruik veroorsaak en ook ander voordele tot gevolg hê.

Etlike ander regeringsinstansies moet dus geraadpleeg word en ook deelneem aan die projek, sodat hierdie voorgestelde ontwikkelings in hulle eie beplanning en toekomstige aktiwiteite in ag geneem kan word. Dit sluit die plaaslike owerhede in, van wie vereis sal word om hierdie voorstelle by hulle geïntegreerde ontwikkelingsplanne (IDPs) in te sluit, om drinkwater vir die gemeenskappe wat hulle bedien te verseker.

Daardeur sal verseker word dat al die projekte en voorspruitende ontwikkelings volhoubaar is en dat soveel mense as moontlik baat by die infrastruktuurontwikkeling wat nou ondersoek word.

### Kapasiteit vir watervoorsiening aan gemeenskappe

Alhoewel hierdie projek nie regstreeks vir die voorsiening van water aan gemeenskappe verantwoordelik sal wees nie, sal dit meer rouwater vir hierdie doel aan plaaslike waterdiensverskaffers, soos munisipaliteite, beskikbaar maak. Voorsiening sal gemaak word vir onttrekking uit die rouwater grootmaat verspreidingstelsel, of andersins sal water gelewer word soos met die owerhede ooreengekom sal word.

### Befondsing van die GLeWaP

Die koste van die infrastruktuurkomponente van die projek sal na beraming meer as R1 500 miljoen beloop. Befondsing sal waarskynlik uit die privaatsektor en die openbare sektor (Nasionale Tesourie) bekom word.

### Internasionale skakeling

Die Departement sal gedurende die beplanning en implementering van die GLeWaP voortgaan om volgens internasionale protokol en ooreenkomste met buurlande te skakel. Die infrastruktuur komponente wat deur die Omgewings-invloedevaluering (OIE) ondersoek word, word hieronder opgesom en op die ingeslote kaarte aangedui.

### Dam by die Nwamitwa-terrein

Die hoofkomponent van die voorgestelde projek bestaan uit 'n groot nuwe opgaardam in die Groot Letaba, die sogenaamde Nwamitwa-terrein, stroomaf van die sameloop met die Nwanedzi-rivier. Die voorgestelde damwal kan tot 36 meter hoog wees en sal bestaan uit 'n betonstruktuur in die riversnit met 'n oorloop- en uitloopaanleg en grondwalle aan albei kante. Met 'n opgaarkapasiteit van 144 million m³, sal dit die opbrengs van die stelsel met sowat 47 miljoen $m^3$ per jaar verhoog. (Die opbrengs van die Tzaneen-dam is 157,5 miljoen m³ per jaar).

Die finale grootte van die dam sal bepaal word deur 'n reeks tegniese en finansiële ondersoeke, tesame met inligting afkomstig van die bevindings van die OIE. Die dam sal ontwerp word om te voldoen aan die behoeftes van die Reserwe in die Groot Letaba-rivier, veral in die rivier stroomaf van die dam.

*Plaaslike padbelynings*

Die R529 en ander belangrike paaie in die gebied sal herbelyn moet word om die dam te akkommodeer. Plaaslike roetes sal bepaal word in konsultasie met grondeienaars en die provinsiale padowerhede, met inagneming van die bevindings van die OIE.

### Verhoging van die Tzaneen-damwal

Daar is ook voorgestel dat die opbrengs van die Tzaneen-dam tot ongeveer 203 miljoen m³ verhoog word deur die damwal te verhoog. Dit sal die opbrengs van die dam met omtrent 6% (tussen 60 en 64 miljoen $m^3$ per jaar verhoog. Dit sal ook die voordeel bied dat die dam dan bedryf kan word om die frekwensie en intensiteit van besproeiingsbeperkings vir vrugte-boorde te verminder.

### Ander infrastruktuur

Grootmaat watervoorsieningsinfrastruktuur, met inbegrip van pyplyne, 'n watersuiweringsaanleg, verskeie pompstasies en reservoirs sal verder ondersoek word.

Reservoirs sal so geleë wees dat plaaslike owerhede water kan bekom vir voorsiening aan individuele gebruikers.

Alle infrastruktuur sal met 'n sekuriteitsheining omhein word. Die finale groottes moet nog bepaal word, maar pompstasies en reservoirs kan elkeen 'n grootte van 'n halwe voetbalveld be-slaan.

Elektrisiteitsvereistes vir die projek sal afsonderlik deur Eskom geëvalueer word.

### Konstruksie

Konstruksiebedrywighede sal ongeveer vyf jaar duur, met etlike konstruksiespanne wat tegelykertyd in verskillende gebiede by die voorgestelde damterein en langs die roetes van die pyplyne werk. Konstruksiepersoneel sal in die omgewing van die voorgestelde dam of in gevestigde dorpe gehuisves word.

Kontruksiepersele sal kantore, dienspaaie, water- en elektrisiteitsvoorsiening, afvalwater-behandeling, die afvoer van soliede afval, noodfasiliteite, gebiede vir die hantering van gevaarlike stowwe, werkswinkels, wasgeriewe, gebiede vir die veilige berging van plofstowwe en kommunikasie-infrastruktuur insluit.

Die persele sal ook fasiliteite vir die grootmaat-berging en voorsiening van brandstof vir konstruksievoertuie insluit, asook werksgebiede vir die berging van konstruksiemateriale en betonmeng- en bitumenaanlegte.

*Leengroewe*

Die aansoek vir magtiging deur Departement van Minerale- en Energiesake (DME), ingevolge die Wet op Minerale en Brandstofhupbronontwikkeling, vir die gebruik van verskeie klip- en sandgroewe vir die konstruksie, sal terselfdertyd as die OIE-ondersoeke geskied.

Die ligging van klipgroewe sal gedurende die studie bepaal word, en grondeienaars word genooi om inligting oor die voorkoms van materiaal wat vir hierdie doel geskik is, te voorsien.

## DIE OMGEWINGSINVLOEDEVALUERING (OIE)

### Wat is 'n OIE?

**'n OIE is 'n goeie beplanning en besluitnemings-instrument. Dit identifiseer die potensiële negatiewe en positiewe gevolge van 'n voorgestelde projek of ontwikkeling op 'n vroeë stadium, en kan aanbevelings maak om positiewe invloede te verbeter en negatiewe invloede te versag of uit te skakel.**

Die bevindings van die OIE sal ook inligting verskaf vir die tegniese en finansiële ondersoeke. Die damwal wat byvoorbeeld tans op 'n hoogte van 36 meter beraam word, kan enkele meter hoër of laer gebou word, afhangende van die uitslag van die sosiale invloedevaluering wat gedurende die OIE uitgevoer word. Die OIE word ingevolge artikel 24 (5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (NEMA), Nr. 107 van 1998, uitgevoer.

Openbare deelname is die hoeksteen van enige OIE. Die belangrikste doelwit is om belanghebbendes by te staan om kwellinge en voorstelle vir verbeterde voordele ter tafel te lê, en om kommentaar te lewer oor die bevindings van die OIE. Die OIE-regulasies vereis dat 'n Omgewingsbestuursplan (OBP) ontwikkel word. Die plan sal aandui hoe die aanbevelings ter beskerming van die omgewing, voortspruitend uit die OIE, tydens die konstruksie- en operasionele fases toegepas sal word.

Die bepalings van die OBP sal wetlik bindend wees op die Department en sy kontrakteurs.

Let daarop dat die onderhandelinge met grondeienaars rakende serwitute en vergoeding nie deel van die proses van openbare deelname vir die OIE uitmaak nie. Die Departement sal serwitute of die verkryging van grond regstreeks met grondeienaars onderhandel. Die bevindings van die OIE sal grondeienaars help om die omvang van plaaslike invloede te bepaal, ter ondersteuning van hulle onderhandelinge.

Die proses van openbare deelname is ontwerp om genoegsame en toeganklike inligting op 'n onpartydige manier aan B&GPe te voorsien, om hulle te help om:

- Sake van kommer te opper en voorstelle te maak vir alternatiewe en verbeterde voordele;
- Plaaslike kennis by te dra;
- Te verifieer dat hulle kwellinge op skrif gestel en deur die tegniese ondersoeke in ag geneem word;
- die bevindings van die invloedevaluering.

## Belangrike oorwegings vir die OIE

Afgesien van die spesialisstudies sal besondere aandag gedurende die OIE aan die volgende geskenk word:

- Die sleutelbeginsel wat die grondslag is van Suid-Afrikaanse Waterbeleid en die Nasionale Waterwet, naamlik volhoubaarheid, deur bepaling van die beste balans tussen ekonomiese, sosiale en ekologiese oorwegings;
- Die strategiese prioriteite voortspruitend uit die Wêreldkommissie oor Damme;
- Internasionale oorwegings, d.w.s. die potensiële invloed op Mosambiek;
- Geïntegreerde beplanning, d.w.s. Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne, Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategieë en die beginsels en praktyk van gesamentlike beheer tussen die verskeie regeringsdepartemente en die privaatsektor;
- Oorwegings met betrekking tot invloede stroomaf, veral wat te doen het met biodiversiteit, toerisme en die ekonomie van die Krugerwildtuin;
- Suid-Afrika se regsvereistes, met spesifieke verwysing na die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998, die Omgewingsbewaringswet, 1989, die Nasionale Waterwet, 1998, en die Wet op Minerale and Brandstofontwikkeling, 2000, asook belangrike internasionale verdragte en ooreenkomste;
- Die verantwoordelikhede verbonde aan die Hersiene SADC-protokol oor Gedeelde Waterstelsels en die nuwe SADC-waterbeleid wat binnekort deur SADC-lande onderteken en bekragtig sal word;
- Erfenisbronne, insluitend argeologiese persele, grafte en kulturele plekke.

Die OIE sal ook die bevindings van die verskeie ander studies en inisiatiewe behoorlik in aanmerking neem. Hierdie studies word nie ingevolge die Regulasies van NEMA vereis nie, maar sal die OIE inlig oor alternatiewe en help om die evalueringsraamwerk te definieer. Dit sal verseker dat die OIE die volle omvang van die GLeWaP in oorweging neem.

### Opsomming van die OIE

Die Departement, Limpopo se Provinsiale Regering, verskeie ander owerhede, omgewings- en ander tegniese spesialiste en belanghebbendes sal in die OIE-proses saamwerk. Die OIE-proses sal die volgende insluit:

- Vroeë konsultasie met 'n breë reeks belanghebbendes, grondeienaars en gemeenskappe in die omgewing van die damperseel en langs die roetes van die pyplyne;
- Tegniese konsultasie met plaaslike deskundiges en spesialiste in die projekgebied;
- Konsultasie met provinsiale en plaaslike regering oor geïntegreerde beplanning en provinsiale ontwikkelingstrategieë;
- Etlike gespesialiseerde studies gedurende die Invloedevalueringsfase om die potensiële negatiewe en positiewe invloede voortspruitend uit 'n wye reeks kwessies wat as tersaaklik geïdentifiseer is, te evalueer;
- Kommentaar deur owerhede en belanghebbendes tydens elke mylpaal gedurende OIE-proses;
- Besluitneming deur owerhede.

## FASES VAN DIE OIE

'n OIE word in fases afgehandel. Die voorlopige skedulering van hierdie fases vir die GLeWaP word hieronder aangedui.

### Trefwydtefase van die OIE

*Julie 2007*

- Vergaderings met owerhede om te besluit op proses- en studievereistes;
- Verspreiding van die Agtergrond-inligtingsdokument aan meer as 1 000 belanghebbendes in die projekgebied en verder, met 'n uitnodiging om aan die proses deel te neem;
- Advertensies in uitgesoekte plaaslike en streekskoerante om die geleentheid vir deelname aan te kondig.

*Julie/vroeg Augustus 2007*

- Fokusgroep-byeenkomste met verteenwoordigers van relevante groepe belanghebbendes;
- Gemeenskapsvergaderings dwarsdeur die studiegebied in konsultasie met tradisionele leiers, gemeenskapsleiers en raadslede van wyke;
- Brief met terugvoer oor vordering en aankondiging van die beskikbaarheid van die Konsep-trefwydteverslag en die Kommentaar en Antwoordverslag.

*September en Oktober 2007*

- Verspreiding van 'n Konsep-trefwydteverslag, met inbegrip van die Kommentaar en Antwoordverslag, vir kommentaar;
- Openbare vergaderings en opedag-byeenkomste in die projekgebied om kommentaar oor die Konseptrefwydteverslag in te win.

*November 2007*

- Voorlegging van 'n Finale Trefwydteverslag aan die DEAT, waarin alle kwessies wat tydens die invloedevaluering geopper is, vervat word;
- Verspreiding van die Finale Trefwydteverslag ter inligting;
- Terugvoerbrief oor vordering aan belanghebbendes.

### Invloedevalueringsfase van die OIE

*Januarie 2008*

- Verdere groepbyeenkomste, vergaderings met owerhede en gemeenskappe waar nodig, terwyl spesialisstudies uitgevoer word;
- Spesialisstudies gerig op die trefwydtefase en kwessies wat deur belanghebbendes geopper is;
- Terugvoer oor vordering aan belanghebbendes.

*Maart 2008*

- Samestelling van 'n Konsep-omgewingsinvloedverslag, waarin die potensiële negatiewe en positiewe invloede uiteengesit word en maatreëls ter verbetering van positiewe invloede en versagting van negatiewe invloede;
- Advertensies in uitgesoekte plaaslike en streekskoerante om die beskikbaarheid van die Konsep-omgewingsinvloedverslag aan te kondig;
- Verspreiding van die Konsep-omgewingsinvloedverslag, en die Kommentaar en Antwoordverslag vir kommentaar.

*April en Mei 2008*

- Openbare vergaderings en opedag-byeenkomste om die bevindings van die OIE vir kommentaar voor te hou.

### Besluitnemingsfase

*Julie en Augustus 2009*

- Finaliseer die Omgewingsinvloedverslag, gebasseer op die kommentaar wat ontvang is, vir voorlegging aan die DEAT.

*Oktober 2008*

- Nadat omgewingsmagtiging vir die projek bekom is, in die vorm van 'n Omgewingsmagtiging (OM), kennisgewing aan belanghebbendes oor die besluit en besonderhede oor die appèlprosedure.

### Skedulering

Die teikendatum vir die aanvang van watervoorsiening uit die nuwe dam is 2012, met volle opbrengs teen 2013, indien omgewingsmagtiging verkry sou word. Om dit te bereik, moet konstruksie van gedeeltes van die infrastruktuur teen láát 2009 'n aanvang neem. Die moontlikheid dat water reeds gedurende die opvultydperk uit die dam onttrek sal kan word, word ook in ag geneem.